

**Ek dink julle sal saamstem as ek sê: hierdie wêreld waarin ons leef, is 'n donker plek. Net hierdie week het ons weer verskriklikke dinge gesien gebeur. Dinge wat seermaak, dinge wat ons hoop wil steel. Die wêreld is gebroke, en ons sien oral die tekens daarvan.**



**En dan vra ons soms: *Hoe moet ek voel oor hierdie donker dinge? Hoe moet ek dit verwerk?* Ons voel miskien onseker, bang, moedeloos…**

**Hoe voel jy oor die wêreld se toestand?**



Maar, hierdie donker dinge is nie nuut nie. Dit is deel van die wêreld van die sondeval af. Die Bybel is eerlik daaroor – selfs God se eie volk het dit beleef. Maar die Bybel wys ons ook iets anders: **God gee nie op nie. Hy oordeel, ja – maar Hy bied ook ’n uitweg.**

# Die werklikheid van God se oordeel



# Jeremia 4:22-28

22My volk tree dwaas op, hulle erken My nie, hulle is moedswillige
kinders, sonder enige begrip van wat Ek doen. Hulle is net slim as
dit kom by verkeerddoen, van goeddoen wil hulle niks weet nie.
23Ek het na die land gekyk, en dit was onbewoonbaar, na die
hemel, en die lig was daaruit weg; 24ek het na die berge gekyk, en
hulle het gebewe, na al die heuwels, en hulle het geskud. 25Ek het
gekyk, en daar was geen mens nie, selfs die voëls het weggevlieg.
26Ek het gekyk, en die vrugbare grond het in woestyn verander, al
die stede het in puin gelê. Dit is die Here wat dit in sy gloeiende
toorn gedoen het! 27Ja, so sê die Here: Die hele land sal verwoes
wees, maar Ek sal dit nie totaal vernietig nie. 28Daaroor moet die
aarde treur en die hemel daarbo donker word, want Ek het my
voorneme bekend gemaak, Ek staan by my besluit, Ek sal nie van
plan verander nie.


Wat lees jy in Jeremia 4:22-28 raak?
Wat sien jy raak?
Wat staan vir jou uit?

# Die dwaasheid van ongeloof



# Psalm 14

**Die dwaas dink daar is geen God nie. Dwase mense vernietig
alles; wat hulle doen, is 'n gruwel vir die Here. Daar is nie een
wat goed doen nie. 2Van die hemel af kyk die Here die mense
deur om te sien of daar één verstandige is, één wat na die wil
van God vra. 3Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard;
daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie. 4Julle
almal wat onreg pleeg, wat my volk opeet asof julle brood eet
en wat weier om die Here te dien – weet julle dan nie 5dat daar
iets vreesliks met julle gaan gebeur nie? Omdat God aan die
kant van die regverdiges is, 6sal daar niks kom van julle planne
teen die hulpelose nie: die Here bly sy toevlug. 7Ag, mag daar
tog uit Sion vir Israel redding kom! Wanneer die Here die lot van
sy volk verander, sal Jakob juig, sal Israel bly wees.**



**“Die dwaas dink daar is geen God nie.”** Dit gaan nie oor slim of dom nie – **dit gaan oor ’n hart wat leef asof God nie bestaan nie**. Dis ’n lewe sonder eerbied, sonder afhanklikheid, sonder God.

Bespreek Psalm 14 met mekaar...

# Die krag van God se genade



# Romeine 3:21-25

## God verlos die mens

21Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet
en die profete getuig, in werking getree. Dit is die
vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou
nie, 22maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit
sonder onderskeid aan almal wat glo. 23Almal het
gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God
nie, 24maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op
grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing
deur Jesus Christus. 25-26Hom het God gegee as offer
wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo.

# 1 Timoteus 1: 12-17

## Dank vir die genade van God

12Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar:
Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om
my in sy diens te stel, 13al het ek Hom voorheen
belaster, vervolg en beledig. Maar God was genadig
teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet
het wat ek doen nie. 14Ons Here het my oorlaai
met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel
is in Christus Jesus.

15Dit is 'n betroubare woord en kan sonder
voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in
die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle
is ek die grootste. 16Maar juis daarom was God my
genadig sodat Christus Jesus aan my, as die
grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou
betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in
die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te
verkry. 17Aan Hom wat vir ewig Koning is, die
onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die
eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.


Hoor jy dit? Niemand is buite God se bereik nie. Jou verlede diskwalifiseer jou nie – dit wys net hoe groot God se genade is. Jy is nooit te ver vir God se redding nie.
Wat staan vir jou uit in Romeine 3:21-25 & 1 Timoteus 1:12-17?


Die blydskap van God oor redding

# Lukas 15:1-7

1Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om
na Jesus te kom luister. 2Hierteen het die Fariseërs en die
skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: “Hierdie man ontvang
sondaars en eet selfs saam met hulle.”

3Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis: 4“Sê nou een van
julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy
dan? Hy laat die nege en negentig in die veld staan en gaan
agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry. 5En as hy hom
kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. 6As hy by die huis kom,
roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: ‘Wees
saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer
gekry.’ 7Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap
wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en
negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.”

**Hier sien ons God se hart**. Hy wag nie passief vir ons om terug te kom nie – Hy kom soek ons aktief. Hy gee nie op totdat Hy jou vind nie. En as Hy jou vind, is daar blydskap – nie veroordeling nie.

**God se genade is nie net algemeen nie – dit is persoonlik. Hy soek nie net “die wêreld” nie – Hy soek jou.**

- Jeremia 4 wys vir ons die erns van sonde en God se oordeel.
- Psalm 14 wys die dwaasheid van ’n lewe sonder God.
- Romeine 3 wys dat dié wat glo is vrygespreek van hulle oortredings/sonde.
- 1 Timoteus 1 wys die krag van God se genade – selfs die grootste sondaar kan gered word.
- Lukas 15 wys die blydskap van God wanneer Hy ons vind en red.

God oordeel die sonde ernstig, maar Hy gee nooit Sy kinders prys nie. Hy soek, Hy red, Hy herstel.


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS